



Verwysing: 20180925-6729
Lêernommer: 13/4/1
Navrae: C Klopper

Omsendbrief: 0041/2018

Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Asseserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief stel skole in kennis van die herroeping van die aangewese vaklys van die Nasionale Senior Sertifikaat as deel van die toelatingsvereistes tot 'n baccalaureusgraadprogram.*

Onderwerp: Herroeping van die aangewese vaklys vir die Nasionale Senior Sertifikaat

1. Hierdie omsendbrief herroep en vervang Omsendbrief 0033/2008, gedateer 19 September 2008, wat die hersiene minimum toelatingsvereistes vir hoër onderwys voorsien het.
2. Die beleid oor die *Minimum Admission Requirements for Higher Certificate, Diploma and Bachelor's Degree Programmes requiring a National Senior Certificate*, is in Staatskoerant Nr. 31321 van 11 Julie 2008 aangekondig, en het in Januarie 2009 in werking getree.
3. Die beleid kategoriseer vakke, wat in die Nasionale Kurrikulumverklaring gelys is, in twee groepe, naamlik 'n aangewese vaklys en 'n nie-aangewese vaklys. Die aangewese vakke is daardie vakke, indien daarin 50% of meer behaal word, wat 'n leerder kwalifiseer vir toelating tot 'n baccalaureusgraadprogram by 'n hoëronderwysinrigting (HOI).
4. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het egter sedertdien die aangewese vaklys vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS), in Omsendbrief S8 van 2018, gedateer 14 September 2018, teruggetrek.

5. Die minimum toelatingsvereistes tot 'n baccalaureusgraadprogram bly onveranderd, naamlik 'n NSS met 'n minimum van 30% in die taal van leer en onderrig by die HOI, tesame met 'n prestasiegradering van 4 (Voldoende Prestasie, 50-59%) of beter in enige vier 20-kredietdraende NSS-vakke.
6. Die enigste verskil is dat 'n leerder nou enige vier 20-kredietdraende NSS-vakke in die NSS-eksamen uit die lys van goedgekeurde vakke kan neem, soos uiteengesit in die *National Policy Pertaining to the Programme and Promotion Requirements of the National Curriculum Statement Grades R-12*, wat in Staatskoerant Nr. 36042 van 28 Desember 2012 gepubliseer is.
7. Die enigste vak wat nie 'n 20-kredietdraende NSS-vak is nie, is Lewensoriëntering.
8. Voldoende prestasie in minstens vier 20-kredietdraende NSS-vakke bied die primêre basis vir toelating tot 'n baccalaureusgraadprogram. 'n HOI is egter daarop geregtig om 'n toepaslike vlak van vakprestasie of spesifieke vakvereistes vir 'n spesifieke program by die inrigting te spesifiseer.
9. Die herroeping van die aangewese lys tree op 1 Oktober 2018 in werking en sal van toepassing wees op kandidate wat vir die 2018- en daaropvolgende NSS-eksamen geregistreer is. Dit sal beide voltydse en deeltydse kandidate insluit.
10. Die herroeping van die aangewese lys sal nie met terugwerkend krag op kandidate, wat in vorige jare vir die NSS geregistreer het, toegepas word nie. Kandidate wat vir die NSS-eksamen in vorige jare geregistreer het en registreer om aan die NSS-vereistes te voldoen of hul NSS-uitslae te verbeter, moet egter 'n minimum van 30% in een van die vakke wat ná 01 Oktober 2018 geregistreer is, behaal om vir toelating tot 'n baccalaureusgraadprogram in aanmerking te kom, mits hulle aan al die ander vereistes vir toelating tot die baccalaureusgraadprogram voldoen.
11. Leerders in graad 9 in 2018, wat vakke in 2019 vir graad 10 sal kies, moet bewus gemaak word van hierdie dispensasie, aangesien hulle geregtig sal wees om enige van die 20-kredietdraende NSS-vakke vir toelating tot 'n baccalaureusgraadprogram te kies.
12. Die herroeping van die aangewese lys beïnvloed nie die toelatingskriteria vir toelating tot diploma- of sertifikaatprogramme nie, wat soos volg bly:
 - 12.1 Die minimum toelatingsvereiste vir 'n hoër sertifikaat is 'n NSS soos gesertifiseer deur Umalusi, met 'n minimum van 30% in die taal van leer en onderrig by die gekose HOI.

- 12.2 Die minimum toelatingsvereiste vir 'n diploma is 'n NSS soos gesertifiseer deur Umalusi, met 'n minimum van 30% in die taal van leer en onderrig by die gekose HOI, sowel as 'n prestasiegradering van 3 (Matige Prestasie, 40-49%) of beter in vier erkende 20-kredietdraende NSS-vakke.
13. Prinsipale word dus vriendelik versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van hul personeel, ouers en leerders wat deur hierdie nuwe dispensasie geraak gaan word, te bring.

GETEKEN: BK SCHREUDER

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2018-10-26